**September 2016**

**"Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige! Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God." Psalm 84: 2–3.**

Hierdie maand het ek Psalm 84 gelees. Dit is 'n psalm wat genesing in my hart bring wanneer my siel hoop en salwing nodig het. Ek is dol oor die feit dat hierdie besondere psalm 'n reis van hoop beskryf.

Dit is 'n egte reis geskryf in 'n goeie tyd vir Israel; miskien toe koning Salomo die heerser was. Elke jaar het baie mense na Jerusalem gereis vir die Huttefees. Hulle het die reis van oral af uit Israel onderneem na die heilige stad, om by die Tempel te gaan aanbid.

Wanneer ons Psalm 84 lees kry ons 'n blik in die hart van een van diegene wat na Jerusalem gereis het om te aanbid.

Ek dink daaraan hoe sy hart gesmag het om in die teenwoordigheid van God te wees. Ek vra myself af, "Hoeveel smag ek om in die teenwoordigheid van God te wees? Wat sal ek doen om seker te maak ek spandeer elke dag tyd met God?"

Hierdie psalm dwing ons om te kyk na ons eie begeertes. Kan jy die woorde van hierdie psalm lees of bid asof dit jou eie is? Smag jy daarna om in Sy teenwoordigheid te wees? Hunker jou hart na God?

Ek was onlangs vir 'n paar dae fisies siek gewees, en ek het gewens ek was weer gesond sodat ek kon voortgaan met my daaglikse verantwoordelikhede. Ek was geestelik uitgedaag om te dink, "Wanneer my siel in pyn is, vind ek my *genesing* deur te smag na God? Wanneer ons harte seer is van pyn en lyding, gaan ons na Hom en smag ons na meer van Sy teenwoordigheid?"

Hierdie maand, terwyl ons bid vir vroue in Bulgarye, Kroasië, Griekeland, en Slowakye, mag ons alles oorgee wat in ons harte is en ons stemme verhef met groot verlange en hunkering vir meer van God. Selfs wanneer ons seerkry, laat ons Hom soek, en vertrou dat Hy die groot geneesheer is van ons geestelike herstel.

In ons Oktober gebedskalender, gaan ons fokus op 'n hunkering na God. Ons gaan die jaarlikse gebed- en vastyd verskuif sodat dit ooreenstem met die Internasionale Vrouedag in Maart 2017.

Mag jy hierdie maand Sy liefde en heling ken terwyl jy saam met die Here op jou reis van hoop wandel.

Ons verbly ons harte in Hom,

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna